

# Lewe ‘n Doelgerigte Lewe!

‘n Vreugdevolle, doelgerigte lewe is gegrond op verhoudings, liefde en geloof. Indien jy graag meer duidelikheid wil hê oor God se plan vir jou lewe, neem dan deel aan hierdie plan; dit sal help om jou gefokus te hou om na hierdie plan te strewe en dit te ontdek. Geneem uit die boek, “Out of This World: A Christian’s Guide to Growth and Purpose”, geskrywe deur David J. Swandt.

Copyright © 2013 David J. Swandt. All Rights Reserved.

Published under license agreement by Twenty20 Faith, Inc. (USA). Not intended for resale. For more information visit:

www.twenty20faith.org

## “Die Goue Reël”

Of dit nou ‘n politikus is, ‘n besigheidsleier, ‘n motivering spreker, of net ‘n alledaagse persoon, mense uit alle vlakke van die lewe maak soms melding van die deugde van die Goue Reël. Die feit is dat bykans almal al daarvan gehoor het en die betekenis daarvan ken.

Die meeste mense sal saamstem dat “doen aan ander wat jy aan jouself gedoen wil hê” is ‘n noodsaaklike deel van die samelewing. In baie gevalle is dit die kern wat ons kultuur, families en vriendskappe byeen hou. Die Goue Reël demonstreer die waarde daarvan om ander te dien, om goedhartigheid te versprei en om daardie mense in nood te help.

Jesus was die outeur van die Goue Reël, wat een van die sleutel prioriteite is vir ‘n suksesvolle Christelike lewe.

As Christene, is elkeen van ons deur God geroep om ons geloof na ‘n vlak te neem wat verder strek as net om in God se glo. Sy begeerte is dat elkeen van ons ons geloof in aksie moet sit deur ander se lewens aan te raak, dus, om God te verheerlik deur sy liefde en genade aan hulle te wys. Dit is hoe om waarlik te lewe volgens die Goue Reël.

## “Sleutels vir Suksesvolle Verhoudings”

Elke verhouding, of dit nou met ‘n vriend, familielid, ‘n lewensmaat, of selfs met God is, het twee basiese komponente wat dit suksesvol maak: die liefde en warmte wat tussen die individue gedeel word, en om liefde tot aksie te laat oorgaan.

Die waarheid is dat ware liefde altyd vergesel word met aksie; ‘n ware vriend wat ‘n ander sien in nood sal hulp verleen. Dieselfde is waar in ons verhouding met God. Ware liefde vir God word vergesel met aksie; God se hart word aangeraak deur die lewens van hulle rondom ons aan te raak.

Om die beste te maak van ons verhoudings met ander begin by ons verhouding met God. In feite vra God dat ons verhoudings met ander ‘n uitbreiding is van ons verhouding met Hom.

Vir ons as gelowiges is ons vertikale verhouding met God en ons horisontale

verhoudings met mekaar die heel belangrikste vir God – liefde vir Hom en liefde vir ander.

## “Groei in Ons Liefde vir God”

Om ‘n liefde vir God te ontwikkel is miskien ‘n bietjie meer uitdagend as vir ‘n vriend of ‘n familielid. Een primêre rede is dat ons God nie fisies kan sien nie. So, om ‘n liefde vir God te handhaaf en te groei vra geloof.

Geloof maak dit vir ons moontlik om egte liefde vanuit ons harte direk na God se kanaliseer, selfs al sien ons Hom nie met ons fisiese oë nie. Om ons liefde vir God te laat groei, moet geloof aktief in ons Christelike lewens aan die werk wees.

Soos wat ons God se Woord lees, observeer ons sy liefde en betrokkenheid in ons en in ander se lewens, en deur gemeenskap met Hom te hê in gebed, begin ons God meer en meer te ken. Deur Hom oor tyd beter te leer ken, kweek ‘n egte volwasse liefde vir Hom in ons lewens.

Deur hierdie liefde vir God uit ons geloof in Hom te laat groei, is ook afhanklik daarvan

dat hierdie liefde deur aksie gedemonstreer word. Ons liefde vir God deur geloof, vergesel deur ons verbintenis aan God deur aksie, is presies dít wat nodig is vir ‘n suksesvolle, groeiende verhouding met Hom.

Terwyl ons liefde vir God verseker sal groei as ‘n resultaat van ons geloof in aksie, is dit ook belangrik om te verstaan dat hierdie aksies nie God se liefde en guns vir ons verdien nie.

Die waarheid is dat God ons alreeds innig en onvoorwaardelik lief gehad het lank voordat ons Hom ooit geken het.

God se liefde is die ware bron vir ons liefde: ons liefde vir Hom en vir ander.

## “Sprei Liefde uit na Ander”

Terwyl ‘n lewende en groeiende liefde vir God in ons lewens aan die werk is, sal ons hoeveelheid liefde vir ander mense basies ook groei. Soos wat ons liefde vir ander al meer groei, so sal ons behoefte om daardie liefde te demonstreer, ook groei, en so sal ons dus een van die belangrikste doele waarvoor God ons geskape het, vervul – om goed te doen aan ander.

Dit was nog altyd deel van God se plan dat ons liefde vergesel word met dade. Elkeen van ons het ‘n plek in God se meesterplan om die lewens van ander aan te raak met goeie dade.

Elke keer as ons die lewe van iemand anders aanraak met ‘n sagte woord, ‘n sekere behoefte beantwoord, of selfs net daarop fokus om na ‘n hart te luister wat seergekry het, dan druk ons nie net ons liefde uit nie, maar veral God se liefde vir hulle deur ons. Op hierdie manier word ons sleutel agente wat God se heerlikheid

helder laat skyn in die wêreld wat andersins gevul is met donkerheid en hooploosheid.

Om ons lig te laat skyn is om regtig toe te laat dat God se lig deur ons skyn. Daar is drie belangrike maniere om God se heerlikheid na ander te skyn:

1. Om ‘n effektiewe getuie te wees;
2. Deur ander te dien;
3. Gemeenskap met Christene.

Deur ons geloof op hierdie drie maniere in aksie te laat oorgaan, stel ander in staat om God se liefde, genade en omgee te ervaar, alles tot sy eer.

**“Wees ‘n Effektiewe Getuie”**

Om te weet hoe om ‘n effektiewe getuie te kan wees in ons alledaagse wêreld, begin daarby om te verstaan wat God wil hê ander in ons lewens moet raaksien. Die kort antwoord is natuurlik, Jesus. Maar wat beteken dit?

Jesus gee ‘n perfekte voorbeeld van hoe God wil hê dat ons moet lewe. Terwyl Jesus sy aardse lewe gelewe het in ‘n wêreld wat baie verskil van ons s’n vandag, het Hy die volle karakter van God beliggaam en ‘n relevante voorbeeld vir ons modern wêreld daar gestel.

Dit is God se karakter wat Hy baie graag in ons lewens wil ontwikkel en wat ander moet kan raaksien. Dit word slegs bereik deur ons persoonlike verhouding met Jesus.

Net soos ‘n loot wat in die wingerdstok bly, sy lewe daaruit kry en daarom vrugte sal dra, net so is dit vir ons wat in ons

verhouding met Jesus bly – ons dra vrugte – of demonstreer God se karakter aan ander deur ons lewens.

Wanneer God se karakter in en deur ons werk – sy liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, kalmte en selfbeheersing, dan word ons ‘n effektiewe getuie in ons alledaagse lewens.

Net soos wat dit in die tyd van Jesus was, die uiterlike, aktiewe uitdrukking van God se karakter deur ons lewens – die vrug van die Gees – is uniek. Dit trek die aandag van beide Christene en ongelowiges gelyk, en dit is nie ongewoon as iemand oor dit navraag doen nie.

Wees voorbereid. Iemand mag dit dalk raaksien en navraag doen op ‘n tyd wanneer jy dit die minste verwag. Jou persoonlike getuienis van verlossing en van God se voortgaande werk in jou eie lewe is ‘n groot beginpunt. Nooi hulle uit na jou kerk of gemeenskap, en moedig hulle aan terwyl hulle ontdek wat ‘n verhouding met God behels!

# “Dien Ander”

Die definisie van diens is eenvoudig om beskikbaar te wees om iemand se behoeftes te beantwoord. Dit mag ons tyd vra, talente, hulpbronne en moeite; maar diens wat spruit uit liefde vir God en ander kan een van die lewe se mees vreugdevolle en belonende ervarings wees.

Om die behoeftes van ander te beantwoord kan in baie verskillende maniere gebeur en kan eweveel fokus op die behoeftes van Christene en ongelowiges. Daar is altyd geleenthede om te dien in die plaaslike gemeente, óf individueel, óf as deel van ‘n span. Jy HET iets ongeloofliks kosbaar om te bied!

Daar is ook geleenthede wat opkom uit eenvoudige een-tot-een kontak met mense, of om maar net iemand se behoefte raak te sien, en om ongevraagde hulp te verleen.

Enige manier waarop jy gee, of dit nou tyd, hulpbronne, talente of maar net ‘n woord van aanmoediging is, dit is ‘n aksie van diens. Maar God verstaan ook dat ons ‘n beperkte kapasiteit het in dit wat ons kan bied, so Hy verwag van ons om verantwoordelikheid en goeie rentmeesterskap te wys wanneer ons onsself verbind.

God wil graag hê dat ons onsself met blymoedigheid sal gee. Terwyl dit vir sommige van ons soms moeilik is om nee te sê, is dit waar dat as ons onsself kan oorskry; dit kan ons eventueel beroof van die blymoedigheid en vreugde waarmee God wil hê dat ons moet dien.

## “Gemeenskap met Christene’

Om aanmoediging, liefde en sterkte aan ander gelowiges te gee, is een van ons grootste pioriteite. Die feit is da tons mekaar nodig het. Dit is hoe God dit beplan het. God wil nie hê dat enigeen “op hulle eie stoom” aangaan nie.

Die waarheid is dat die bou van verhoudings met ander Christene berlangrik is vir ons eie groei. God laat dikwels “goddelike afsprake” doelbewus gebeur sodat ons teenoor mekaar kan getuig en mekaar kan aanmoedig omdat nét ons dit kan doen.

Die beginsel van krag in getalle is selfs op Christene van toepassing, en om sterk verhoudings te hê met mede-gelowiges help ons om te groei gedurende ons reis saam met God!

God se plan was om die plaaslike gemeente te vestig deur jou verbinding met ander gelowiges. Raak betrokke en geniet

die voordele van seëninge gee en ontvang van jou mede broers en susters in Christus!